# Hoërskool McLachlan


Posbus 3
Joubertina
6410

042-273-1335
042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za


NUUSBRIEF 27/01 2022

Geagte Ouers/Voogde

1. **Nuwe Skoolhoof:**

   Ons kan nog nie die naam van die nuwe skoolhoof bekend maak nie omdat die persoon wat die beheerraad aanbeveel het nog nie 'n aanbod- en aanstellingsbrief van die Departement van Onderwys ontvang het nie. Die beheerraad maak die aanbeveling, maar die aanstelling berus by die Departement. Sodra ons iets hoor, sal ons dit onmiddellik bekend maak.

2. **Matriekuitslae:**

   Samevatting van 2021-matriekuitslae:

   Aantal kandidate: 27

   Aantal geslaag: 26

   18 leerders het toegang gekry tot 'n graadkursus.
   7 leerders het toegang gekry tot 'n diplomakursus.
   1 leerder het toegang gekry tot 'n hoërsertifikaat
   7 vak-A's.

   **Top 10-Presteerdes:**

   1. Suré Ferreira
   2. Porsha Khewu
   3. Zo-lyn Hunter
   4. Renwill Leeu
   5. Bianca April
   6. Makgala Moses
   7. Johan Strydom
   8. Anestacia Koyo
   9. Courtney Smith
   10. Sesethu Mtsele

3. **Sportnuus:**

   - Atletiek

     Hoërskool McLachlan se kleurebyeenkoms het vir BAIE opwinding gesorg. Al het die kraaie gegaap van die hitte het die rooi Mickey Muise en die geel Sponge Bob Square Pants sponse uitbundig aan al die aktiwiteite deelgeneem.

     Die rooispan was die trotse wenners van die spankompetisie terwyl die geelspan sing – sing met die geesbeker weggestap het.

     Baie dankie aan almal wat as beamptes opgetree het.


herotel

Die volgende atlete het rekords verbeter. Baie geluk aan die volgende atlete:

| | | |
|---|---|---|
| - D 0/14 Frané Manuel (R) | Skyfwerp | 21,49m |
| - S 0/14 Wernig Oberholster (R) | Skyfwerp | 27,50m |
| - D 0/16 Denique Ferreira (G) | Hamergooi | 26,94m |
| - D 0/16 Kara Roberts (G) | 800m | 3:17.76 |
| - D 0/17 Anika Kritzinger (R) | 3000m | 15:43.25 |
| - S 0/17 Giovanni Horing (G) | 1500m | 4:18.98 |

<u>*LS-Koukammasone - 29 Januarie 2022 te HS Paul Sauer</u>

Op Saterdag, 29 Januarie 2022, vind die laerskool Koukamma-atletiekbyeenkoms by Hoërskool Paul Sauer plaas. Atlete wat van privaat vervoer gebruik maak, moet die program deeglik bestudeer en sorg dat hul betyds is om by die spanbestuurder aan te meld.
Alle atlete is self verantwoordelik om 'n halfuur voor hul deelname by hul items aan te meld.
Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees.

Bustye is soos volg:

| | |
|---|---|
| Misgund | 05:05 |
| Louterwater | 05:20 |
| Krakeelrivier | 05:35 |
| Skool | 05:50 |
| Ravinia | 06:00 |

<u>*HS-Koukammasone - 28 Januarie 2022 te HS Paul Sauer</u>

Op Vrydag, 28 Januarie 2022, vind die laerskool Koukamma-atletiekbyeenkoms by Hoërskool Paul Sauer plaas. Atlete wat van privaat vervoer gebruik maak, moet die program deeglik bestudeer en sorg dat hul betyds is om by die spanbestuurder aan te meld.
Alle atlete is self verantwoordelik om 'n halfuur voor hul deelname by hul items aan te meld en moet ook betyds wees vir die aflosse.
Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees.

Bustye soos volg:

| | |
|---|---|
| Misgund | 05:00 |
| Louterwater | 05:15 |
| Krakeelrivier | 05:30 |
| Ravinia | 05:45 |
| Skool | 05:45 (Quantum) |

<u>*Aangepaste dagprogram ter voorbereiding van SOK: Maandag, 24 Januarie tot Vrydag, 4 Februarie</u>:

Op onderstaande datums vind sportoefening gedurende skoolure plaas. Leerders kom in korrekte sportklere, soos hieronder uiteengesit, skool toe. Daar gaan op 'n Dinsdag- en Donderdagmiddag ook atletiekoefening vir alle atlete (HS en LS) plaasvind.

| | | |
|---|---|---|
| Maandag: | 24 en 31 Januarie: | Gr. 7 tot 12 |
| Dinsdag: | 25 Januarie en 1 Februarie | Gr. 3 tot 7 |
| Woensdag: | 26 Januarie en 2 Februarie | Gr. 7 tot 12 |
| Donderdag: | 27 Januarie en 3 Februarie | Gr. 3 tot 7 |

herotel

Die volgende kleredrag is verpligtend vir die betrokke dae:

- Swart kortbroek/maroen McL-sweetpakbroek/swart sweetpakbroek
- McL-oefenhemp/wit ongedrukte T-hemp/McL-atletiekfrokkie/ rooi of geel T-hemp
- Tekkies en wit sokkies/kaalvoet

*__Tennis:__

Hoërskool-dogterstennisliga begin Dinsdag, 1 Februarie, en ons speel teen Hoërskool Victoria Park 'n wegwedstryd.
Hoërskool-seunstennisliga begin Donderdag, 3 Februarie, en ons speel tuis teen Hoërskool Framesby.

Daar is tennisoefening Maandae vanaf 15:30 – 16:30.

4. **Klerebank:**

Tye vir klerebank is as volg: Donderdae: 14:30 – 15:00

Alle aankope is streng kontant. **GEEN verkope sal gedurende ander dae en tye plaasvind nie.**

**5. Finansies:**

***SKOOLGELD**

- Skoolgeld beloop **R1 130,00 per maand vir 10 maande.** Betaalbaar Februarie tot November.
  (Totaal van **R11 300,00 per jaar**)
- Geen glyskaal vir aantal kinders nie.
- Korting vir **aftrekorder** = 6,5% = **R880,00** per maand. Betaalbaar Januarie tot Desember.
- **Jaarliks vooruit** 10% korting = **R10 170,00** (voor 31 Jan 2022)
- Glyskaal is gegrond op gesamentlike bruto-inkomste van beide ouers.

**Aftrekorders:** Indien ouers van die opsie gebruik wil maak, moet hulle asseblief die reëling met hul bank tref, en 'n afskrif aan die skool voorsien.

***BUSGELD (per kwartaal):**

Daaglikse roete

| | |
|---|---|
| Misgund | R2 220 |
| Louterwater | R1 990 |
| Krakeel | R1 750 |

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT òf by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit. Skoolfonds en ander betalings kan nogsteeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

- Aansoekvorms vir korting van skoolfonds is by mev. Mattheus beskikbaar. Die vorms moet voor 15 Februarie 2022 aan die skool terugbesorg word. Dit is belangrik dat al die vereiste dokumente aangeheg word, en dat die vorm deur die ouer en 'n kommissaris van ede gestempel en geteken word. Indien die ouer werkloos is, moet 'n verklaring by die polisie afgelê word en dit moet by die aansoekvorm aangeheg word. Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die aansoekvorm om korting, by die skool aan te vra.

- Busgeld vir die 1ste kwartaal 2022 is vooruitbetaalbaar en moet teen 15 Februarie 2022 betaal wees om te verseker dat leerders van die busdiens gebruik mag maak.

herotel

- <u>Kopieerkoste</u> beloop <u>R520,00</u> per leerder per jaar en moet asseblief teen 25 Maart 2022 betaal wees.

- Die handboeke en skryfbehoeftes is gratis, behalwe vir die Rekeningkundewerksboeke vir graad 8 (R100,00) en

  graad 9 (R140,00) asook 'n paar addisionele skryfbehoeftes wat op die onderskeie vorms aangedui sal word.

- Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
  ABSA
  Rekeningnommer: 1970 430047
  Tipe rekening: Tjek
  Takkode: 334415
  Verwysing: **Kind se naam en van**

6. **<u>Sluitkassies</u>:**
Daar is sluitkassies teen R350 per jaar beskikbaar. Kontak juf. Simoné van der Mescht.

7. **<u>Netheidskontrole:</u>**
Daar sal op Maandag netheidskontrole wees. Ons vra dat u asb. sal kyk dat u kind die regte skooldrag sal aanhê.

8. **<u>Cider-Dans:</u>**
Kom geniet 'n heerlike kuier om braaivleisvure en trek jou dansskoene aan en kom skoffel laat die stof staan.




S. Pienaar

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

herotel

McLachlan Internet Fasiliteit